

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 180

(Oktober 1983)

In Christus is ons bewaar

* * * * *

"En ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit
verlore gaan tot in ewigheid nie . . ."

(Joh. 10:28)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

God bewaar

Het jy al 'n oomblik gedink aan die wonder van . . .

- geloof
- van gelowig-wees

Ja, besef ons altyd die wonder daarvan om deel van 'n Kerk te wees?

Ons lees in Matt. 16:18: "Die poorte van die hel sal die kerk nie oorweldig nie". Daarmee sê Christus by implikasie:

- sekere dinge sal oorweldig word
- vernietig word
- in die hel tot niet gaan . . . maar die Kerk? *Nooit.*

Dis die bewaring en die versekering van die bewaring, wat Christus sy kind en kerk op aarde gee.

Kerk? Wie is dan tog die Kerk?

Ons, ek en jy, is die kerk! Ons is die lewende stene, ingebou in die fondament Jesus Christus.

En nou stig Christus Sy kerk in Matt. 16, direk nadat Hy aan Sy dissipels gevra het: "Wie sê julle is Ek?" En dan word daar deur Petrus van harte bely: "U is die Christus, die Seun van die Lewende God."

Besef jy, geliefde leser, wat in hierdie hoofstuk gebeur? Die stigting van die Kerk, kom ná die belydenis van Petrus — m.a.w. die Kerk is éérs waarlik Kerk . . .

- wanneer hy praat
- wanneer hy bely
- wanneer daar 'n stem uit sy midde gehoor word.

Die Kerk is dus Kerk as hy antwoord op God se Woord.

Die Kerk is dus Kerk as daar reaksie kom op God se aksie!

En God? God bly getrou, ook die beloftes van Sy Woord is waar en seker, vas en vir ewig. Nou kom die belofte na elkeen van ons: "Die poorte van die hel sal die Kerk (vir jou) nóóit oorweldig nie."

God bewaar.

Die versekering van Sy bewaring lê in Sy Kerk.

En nou kan ek en jy nie in valse gerustheid gaan terugsit en wil redeneer: Ag nou ja, God bewaar, en daarmee het ek rus en vrede nie!

Nee, honderd maal nee. God bewaar, maar dan slegs as ek ook 'n medewerker bly, want . . .

- as my stem stil word . . .
- as ek ophou praat oor Christus en Sy Kerk . . .
- as ek geen belydenis meer doen nie . . .
- as ek géén getuienis meer lewer nie . . .

dan, ja dan, is die poorte van die hel besig om die Kerk (vir ons) te oorweldig.

Daarom praat ons mos van belydende lidmate van die Kerk. Lidmate wat nie nèt eenmalig

belydenis gedoen het nie, maar voortdurend, elke dag, sonder ophou, Christus bely.

Maar as my stem stil word en daar 'n stilswyende grafstilte neerdaal . . .

As ek géén belydenis meer doen nie, dan is die hel se hekke besig om toe te slaan, en die Kerk is oorweldig, die bewaring is verby.

Daarom, geliefde leser,

- God bewaar Sy kerk, Sy kind, vir jou en my. Daardie beloftes van God se Woord is waar en vas en seker;
- God verseker my van Sy bewaring in en deur die Bybel, Sy Ewigheidswoord.

Sy bewaring en versekering het sy beslag gekry juis daardie Vrydag toe die Christus-stem die hel se poorte oopgeforseer het op Golgota. Vir jou en my, om nou verseker te wees en verseker te bly van God se bewaring, is nodig:

- dat ons getrou en standvastig Christus sal bely;
- dat ons op 'n Bybelse en Skriftuurlike wyse ons stemme sal laat hoor, 'n stem wat buig voor God se Woord. 'n Stem wat opborrel uit diepe geloof, gedring deur die Heilige Gees. 'n Stem wat koersvas, sonder vrees en luid gehoor kan word in 'n donker wêreld. Wat 'n voorreg om verseker te wees van Christus se ewige bewaring! Die poorte van die hel sal die kerk nooit oorweldig nie!

Ds. Nico Ligthelm.

Twyfel

Moenie twyfel nie

Die Bybel maak 'n dringende appèl op ons om nie te twyfel nie. Die uitspraak van die Skrif oor twyfel is baie sterk bewoord.

Jak. 1:6: "(’n Mens) moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ’n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word."

Mark. 11:22: "Elkeen wat vir hierdie berg sê: Lig jou op en val in die see, en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur."

Tog twyfel ons

Desnieteenstaande die feit dat ons weet dat ons nie mag twyfel nie, twyfel ons tog. As gevolg van die swakheid van ons eie vlees en die volgehou listige aanslae van die Satan op ons, twyfel ons oor wesenlike dinge.

Die een dag is daar 'n diepe en onwrikbare geloofsekerheid by jou, sodat jy kan sê: "Ek weet ek *is* salig!" En net die volgende dag dan voel jy of jy in jou geloofslewe rondobber.

- Die een oomblik sink Petrus as hy op die water wil loop, en moet hy uitroep: "Here, red my!" (Mat. 14:30), en die volgende oomblik is hy weer die rots. "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou." (Mat. 16:18).
- Thomas is die een oomblik bereid om saam met Christus te sterwe (Joh. 11:16), en die volgende oomblik kan hy nie eers saam met Christus wakker bly nie (Luk. 22:46).

So erg kan dit wees, dat die uitverkore kind van God soms vir 'n tyd lank die gevoel van die genade verloor.

Hoef nie te twyfel nie

Ons as mense is swak en sondig. Ons subjektiewe gevoel van ons saligheid is nie altyd die korrekte weergawe van die feite nie.

Die uitverkorene se saligheid is nie afhanklik van sy gevoel nie. Ons saligheid is vas en seker in Christus. Die uitverkorene is in Christus uitverkies, voor die grondlegging van die wêreld (Ef. 1:4).

Die sekerheid en die waarborg van jou saligheid lê buite jouself, in Christus.

Die gelowige hoef dus nooit aan sy saligheid te twyfel nie.

God se beloftes staan vas

(1 Kor. 10:12): "Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."

Daar is net een manier waarop jou swakke skrede van twyfel 'n vaste tred kan wees, en dit is wanneer jy deur die geloof vasgeanker is aan die onwankelbare rots van God se beloftes; dit is wanneer jy deur die geloof ingeënt is in Christus self, ons Leidsman en Voleinder in die geloof.

God se Woord is die Waarheid. Sy beloftes aan die gelowige verander nie.

- Alle twyfel verdwyn wanneer ons in Rom. 8:39 hoor: "Geen skepsel, kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here".
- Alle twyfel oor ons kindskap van God verdwyn wanneer ons in 1 Joh. 3:11 hoor: "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook."

Wat meer is - in Rom. 8:16: "Hierdie (Heilige) Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."

Ds. A. H. Grove

Ons hoop op die Wederkoms.

'n Atleet wat hardloop en geen wenpaal het nie, is 'n baie jammerlike persoon.

Net hardloop . . . en . . . hardloop sonder 'n doel is dodelik. 'n Ware atleet hardloop met 'n doel voor oë. Hy het 'n ideaal wat hy wil verwesenlik. Hoe strawwer die kompetisie, hoe harder werk hy om sy ideale te verwesenlik.

So gaan dit ook met die christen in die lewe op aarde. 'n Christen is 'n mens met 'n doel, 'n doelgerigte mens, hoopvol om die doel te bereik.

Die wederkoms is 'n christen se wenpaal om die wedloop te voleindig. En dit is juis oor die hoop, die wederkoms en om die doel te bereik, waaroor Satan ons die meeste aanval. Satan wil ons hoop om die doel te bereik verydel. In die proses maak Satan ons bang vir die wederkoms van die Here Jesus. Hy vervul ons met vrees vir daardie dag, as 'n oordeelsdag . . . ook vir die kinders van God, om hel toe te gaan.

Vriend, dit is nie so nie. Satan wil ons beroof van die troos wat ons in Christus het. Dit is ons stryd teen Satan. Maar dit mag ons nie moedeloos maak nie. Dit moet ons juis inspireer om harder te werk en harder te stry sodat ons as oorwinnaars by die wenpaal kan aankom.

Ons lewe op aarde is vir ons so lekker dat ons net na die lewe hier om ons bly vaskyk en die dinge van God uit die oog verloor. Ons word so bang gemaak vir die oordeelsdag by die wederkoms, dat ons liever glad nie daaraan wil dink nie.

Vergeet nog van bid:

"Amen, ja kom, Here Jesus!"
(Openbaring 22 : 20).

Ons wil liever maar sonder 'n wenpaal bly voortstry en worstel, en van uitputting maar inmeekaarsak, asof dit ons sal laat verbygly.

Kom Vriend, kom ons kyk deur God se Woord, soos deur 'n teleskoop, en ons fokus op die wederkoms van die Here Jesus.

Daar op die Olyfberg het die Here Jesus met Sy dissipels gestaan. Hulle was nie bang nie. Hulle was nie bevrees nie. Hulle het nie eers geweet dat Hy gaan wegvaar nie. Hy gee hulle nog opdrag om te werk tot aan die uiterste van die aarde. En dan sien hulle Hom opvaar, (Hand. 1:8, 9), terwyl Hy hulle seën (Luk. 24:50, 51). Die dissipels staan Hom en agternastaar totdat twee gesante in wit klere vir hulle sê dat hierdie Jesus weer sal kom net soos hulle Hom sien wegvaar het. (Hand. 1:11).

Soos Hy gegaan het kom Hy weer.

Hierdie Jesus kom weer netso.

Hulle het nie geweet Hy gaan weg nie.

Hy het hulle geseën toe Hy weg is.

Hulle het Hom gesien toe Hy weg is.

Hierdie Jesus met die spykermerke in Sy hande, in Sy voete en in Sy sy waaraan Hy vir Thomas wou laat vat het. (Joh. 20:27.)

Daar kom geen ander Jesus nie.

Die een met die merke kom weer.

Hy kom almal wat gekoop is deur Sy bloed na Hom toe neem terwyl Hy ons sal seën dat ons ook kan wees waar Hy is. (Joh. 14:3).

Hy was nie toornig toe Hy opgevaar het nie. Hy het nie gedreig nie. Sy dissipels was nie bang nie.

Daarom hoef ons ook nie bang te wees by Sy wederkoms nie!

Maar as ons in Hom glo sal ons onwrikbaar weet dat die oordeel wat ons op daardie dag moes tref, vir Jesus alreeds op Golgota in ons plek getref het, waardeur ons die ewige lewe in Sy *Naam* ontvang.

As dit nie so was nie het Jesus tevergeefs gesterf en opgestaan uit die dood.

Laat ons daarom die goeie stryd bly stry en met 'n ware geloof hoop op Sy wederkoms, want niemand weet wanneer dit sal wees nie, net soos Sy hemelvaart.

Vriend, mag God ons die krag gee om die wedloop te voleindig.

Ds. Andries H. Mulder.

Uiteindelik: Die heerlikmaking

Die laaste ses uitgawes van hierdie blaadjie het gehandel oor die weg tot saligheid — die weg waarlangs God Sy uitverkore kind uiteindelik die heerlikheid skenk.

Die reeks van genadeweldade in die heilsorde wat God aan Sy gelowiges skenk om hulle sodoende in sy ewige Koninkryk in te lei, is een na die ander in hierdie reeks artikels bespreek:

- Die roeping
- Die wedergeboorte
- Die geloof
- Die bekering
- Die regverdigmaking
- Die heiligmaking
- Die volharding

En nou, in die laaste artikel in hierdie reeks, kom ons by die logiese uiteinde van die weg tot saligheid; die heerlikmaking, of verheerliking.

Dit is die voltooiing van God se genadewerk in en vir Sy uitverkorenes.

Die Here laat nie die werk van Sy hande vaar nie — dit wat Hy begin het, sal Hy voleindig.

Die verheerliking is die laaste weldaad van Christus. Hier op aarde reeds is Hy ons heiligmaking, maar hier het die gelowige nog maar 'n klein deeltjie van die ewige vreugde.

In die lewe hierna sal elke gelowige as volkome geheiligde, onthef van alle sonde en ellende, met liggaam en siel, deel hê aan die heerlikheid van hulle Hoof, Jesus Christus. Dan ontvang die kind van die Here, as verheerlikte mens, die volle saligheid van die ewige lewe op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. Dit gebeur reeds op ons sterfdag. Die Bybel leer dat die siel van die gelowige dadelik na hierdie lewe in die heerlikheid van die hemel opgeneem word, om daar in salige gemeenskap met Christus te verkeer. Dit is egter nie net die siel wat deel het aan die saligheid nie — ook die liggaam sal daaraan deel kry.

Met Christus se wederkoms, vind die opstanding uit die dood plaas, wanneer die siel weer met die verheerlikte liggaam verenig sal word. Dit is 'n verheerlikte liggaam, onsterflik en onverganklik — dieselfde liggaam wat ons hier op aarde besit het, maar nou in 'n verheerlikte gedaante; in volle bloei en skoonheid en krag.

- Die swakheid van jeug en ouderdom sal daar geen rol meer speel nie;
- Lewensmoegheid en siekte en pyn sal daar geen plek meer hê nie;
- Daar sal geen geweens en droefheid en moeite meer wees nie;
- Daar sal geen lyding en beproewing wees nie.

Daar sal ons volmaak wees, sterk en onvermoeid en sonder pyn of ellende, vir altyd absoluut gelukkig in die heerlike teenwoordigheid van ons Here.

Só sal die ewige lewe wees: "Die volkome saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor, en in die hart van geen mens opgekom het nie."

Daar sal ons God sonder enige beperking kan ken en liefhê.

Daar sal ons die weelde van ewige vreugde kan smaak, om altyd by die Here te wees.

Daar sal ons as kinders van God tuis wees in die ewige Vaderhuis, om Hom daarin ewig te loof en te prys!

Ds. Pieter van der Walt.